**29 Oktober** **Skrifgedeelte: Lukas 11:1-13**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 26**

## Die sekerheid van gebedsverhoring

Artikel 26 van die Nederlandse Geloofsbelydenis noem oortuigende redes waarom gelowiges vrymoedig hulle nood na die Middelaar kan bring. Sy liefde, mag, invloed, verhewenheid en waardigheid is onoortreflik! Niemand dra jou saak meer op die hart as Hy nie. Niemand sal jou saak beter kan stel of sal eerder verhoor word as Hy nie. Geen ander middelaar is nodig nie!
Daarby wys Jesus in ons Skrifgedeelte op die goedheid en sorg van God die Vader. Die Here weet hoe om goeie dinge vir sy kinders te gee (vers 13). Die vraag is egter: Hoe kan EK seker wees dat God goeie dinge vir MÝ wil gee?
In die drie voorbeelde van ons Skrifgedeelte is daar verskillende vlakke van sekerheid dat ontvang sal word wat gevra is. In die eerste voorbeeld (vers 5-8) berus die sekerheid op VRIENDSKAP. Al is dit laat, word 'n vriend met vrymoedigheid om hulp genader. Goeie gesindhede, asook die bereidheid om aan te dring, waarborg die uitkoms (vers 8).
In die tweede voorbeeld berus die sekerheid op FAMILIEVERWANTSKAP. Die seun vra vrymoedig 'n vis of 'n eier van sy pa, want dit is sy pa! 'n Pa sorg mos vir sy kind. Kan daar groter sekerheid as dit wees?
"Ja," sê ons Skrifgedeelte, want God se kinders kan vra met 'n sekerheid wat berus op GEESVERWANTSKAP! God gee die Heilige Gees vir dié wat vra (vers 13). Hierdie Gees is ook die Gees van Christus. Deur Hom kry ons die sekerheid dat wat ons as genadeloon afbid deur Christus se offer aan die kruis verdiende loon is! Wat jy in sy Naam vra sal jy ontvang. VERSEKER!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*